



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUTIONELE KANTOOR[®]

Assesserings- en Modereringsbeleid

Verwysingsnommer	8P/8.1.7
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Onderrig-leer en Adjunkhoof
Beleideienaar	Direkteur: Onderrig-leer
Verantwoordelike afdeling	Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	22 Junie 2007
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2011
Webadres van die beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index_a.html
Adres op die beleiddatabasis	AMANDA.VANDERMERWE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8p-8.1.7-assessment_a.docx

Assessering- en Modereringsbeleid

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institutionele kultuur gebaseer op die waardes wat deur die Universiteit voorgestaan word, het die Noordwes-Universiteit hierdie Beleid Assessering- en Modereringsbeleid op 22 Junie 2007 aanvaar.

2 Premis

Die Assesserings- en Modereringsbeleid van die Noordwes-Universiteit is op die volgende premis gegronde.

In ooreenkomstig met die Nasionale Onderwysbeleid vir Uitkoms-gebaseerde Onderwys en die vlakbeskrywers van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, is die assessoringsbenadering van die NWU dié van toepaslike, voortgesette formatiewe en summatiewe assessoringsaktiwiteite binne 'n uitkoms-en program-gebaseerde hoëronderwys-omgewing.

3 Doel van die Beleid

Om die Onderrig- en Leerbeleid van die NWU te ondersteun deur te verseker dat onderrig-, leer- en assessoringspraktyke voldoen aan nasionale statutêre kriteria vir doeltreffende uitkoms-gebaseerde onderrig in die Hoëronderwys-sektor, soos deur Wet 101 van 1997 bepaal, die Kriteria vir Programakkreditering (HEQC 2004), die Konsep- Nasionale Kwalifikasieraamwerk (SAQA 2004) en die Konsep- Hoëronderwys Kwalifikasieraamwerk (HOKR) (Departement van Onderwys, 2006).

4 Definisie van terme

In hierdie dokument word terme gedefinieer ooreenkomstig die Algemene Akademiese Reëls (spesifiek Reël A.1) van die NWU.

5 Belangrikste Beginsels

- 5.1 Program- en module-uitkomste word duidelik geformuleer en korrek aan studente oorgedra en rig alle assessoringspraktyke by die NWU.
- 5.2 Assessoringsinstrumente by die NWU is toepaslik, geldig en betroubaar met die oog op die meting van genoemde programme en moduleuitkomste.
- 5.3 Assessoringsinstrumente by die NWU voldoen aan die vereistes van die toepaslike NKR-vlakbeskrywer.
- 5.4 Assessoringskriteria word duidelik en korrek geformuleer en breedvoerig aan studente oorgedra.
- 5.5 Minstens een geleentheid vir geïntegreerde assessorering, waarin die hoofdoelwit en sleuteldoel van die program geassesseer word, word by die assessoringsaktiwiteite vir alle programme ingesluit
- 5.6 'n Memorandum met die korrekte en/of voorbeeld van modelantwoorde word opgestel vir elke formele formatiewe en elke summatiewe assessoringsaktiwiteit wat die studente verrig.
- 5.7 Mede-assessore en/of nasieners gebruik die memoranda vir formele formatiewe en summatiewe assessoringsaktiwiteite doeltreffend, soos deur middel van modereringsaktiwiteite in hierdie Beleid beskryf, gemonitor.

- 5.8 Studente-assesseringsreks by die NWU is betroubaar, veilig en toeganklik vir program- en modulekoördineerders, dosente wat modules in die programme aanbied, administratiewe beampies en studente wat hierdeur geraak word.
- 5.9 Die NWU gee erkenning aan vorige leer, soos in die Beleid vir die Erkenning van Vorige Leer beskryf.
- 5.10 Formatiewe of voortgesette assessorering dien as 'n moniteringsinstrument om studente in staat te stel om hul vordering in die leerproses te bepaal en om dosente in staat te stel om vas te stel hoe geslaagd hul onderrig is met die oog daarop dat aanpassings betyds gemaak kan word om die onderrig- en leerproses meer doeltreffend te maak.

6 Beleid

- 6.1 Informele formatiewe assessoringsgeleenthede is by soveel moontlik kontaksessies ingesluit. Terugvoer van informele formatiewe assessoringsgeleenthede tydens kontaksessies word deur die dosent gebruik ter verbetering van die onderrig.
- 6.2 Die aantal formele formatiewe assessoringsgeleenthede per module is afhanglik van die modulekrediete en moet by die volgende riglyne aansluit:
 - 8-krediet-modules : 2-3 formele formatiewe assessoringsgeleenthede per module
 - 12-krediet-modules : 2-3 formele formatiewe assessoringsgeleenthede per module
 - 16-krediet-modules : 3-4 formele formatiewe assessoringsgeleenthede per module
 - 24- en 32-krediet-modules: 4-5 formele formatiewe assessoringsgeleenthede per module
- 6.3 Memoranda met korrekte response en/of voorbeeld van modelantwoorde word vir alle formele formatiewe assessoringsaktiwiteite opgestel.
- 6.4 Terugvoer en punte vir formele formatiewe assessoringsgeleenthede word binne 15 werksdae aan die studente oorgedra, tensy die dekaan en/of skooldirekteur geskrewe toestemming verleen om die tydperk te verleng.
- 6.5 Summatiewe assessorering in alle modules word deur die Algemene Akademiese Reëls, spesifiek A.5.4.4, gereguleer.
- 6.6 Eksaminateure en moderatore word vir alle geskrewe formele assessorings (formatief asook summatief) aangestel ooreenkomsdig die Algemene Akademiese Reëls.
- 6.7 Die verslag van die moderator dek die geldigheid van die assessoringsinstrumente, prestasie van die studente, standaard van studentbevoegdhede, betroubaarheid van die nasienwerk en enige ongerymdhede ten opsigte van Universiteits-/professionele regulasies.
- 6.8 Mondelinge assessorering, waar bykomstige bewys van die bevoegdhede van 'n kandidaat vir bevorderingsdoeleindes vereis word, word deur panele wat deur die Skooldirekteur en/of die Direkteur: Navorsingsfokusarea en/of die Dekaan goedgekeur is, afgeneem
- 6.9 Panele vir mondelinge assessorering word vooraf deeglik deur vooraf-vergaderings vir die assessoringssessie voorberei.
- 6.10 Mondelinge assessorings word aan die hand van goed gestruktureerde vrae en assessoringskriteria (soortgelyk aan 'n memorandum vir geskrewe assessorering) afgeneem.
- 6.11 Assessering van werk-gebaseerde of ervarings leer vind plaas deur samewerking tussen die Universiteit, die werkgewer, die mentor en die student aangaande die metode, assessorering en erkenning na bereiking van die uitkomste.

Oorspronklike gegewens: Jacoline Jansen van Vuuren(10225676) C:\documents and settings\administrator\desktop\8P-8.1.7-assessment_a.doc
6 Oktober 2010

Verwysingsnommer: 8P-8.1.7